

Maandelikse gemeentebrief Januarie 2019

2019...

Elke einde kondig 'n nuwe begin aan. Elke nuwe begin bring geleenthede. En geleenthede bring die kans vir groei. Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar met nuwe groei geleenthede.

Eerstens dankie vir 'n wonderlike 2018. Die gemeente se warmte en omgee en gasvryheid kom van betrokke lidmate wat hulleself gee. Mense wat met hart en siel kyk na medemens en iets raak sien van God se hart in die wêreld.

My voorstel vir 2019 is dat ons daarna sal strewe om op te hou om 'n klomp goed te doen.

Alles, alles wat jy doen gebruik tyd. Tyd is die enigste en permanente bestuurder hier op aarde. Maar dit is 'n onwrikbare regverdige bestuurder. Dit behandel elke lewendige persoon presies dieselfde elke dag. Maak nie saak hoeveel wêreldse goed jy het om te bestuur of wat jy bymekaargemaak het nie, jy kan nie een ekstra minuut ooit bykry nie. Tyd is die een groot gelykmaker. Elke een het presies dieselfde hoeveelheid tyd om elke dag te spandeer.

Ons besige lewens. Ons te min tyd. Ons nie uitkom by wat ons regtig wil nie, jaag ons vir die grootste deel van 'n jaar en dan aan die einde van die jaar val ons moeg langs ons medemens neer op die sand langs Ballito se see net om weer binne 'n week of wat aangejaag te word deur die wysertjies op die groot klok. Ons het 24 uur 365 dae van die jaar; 24 ure elke dag, elke uur het 60 minute en elke minuut 60 sekondes niks meer nie en niks minder nie.

Dalk net dalk as ons ophou met 'n paar aanjaag gewoontes sal ons in Desember 2019 bietjie minder sielsmoeg wees, bietjie minder kwaad en bietjie minder bang.

Hier is 'n paar goed waarmee jy kan ophou in die nuwe jaar:

Hou op om almal gelukkig te probeer hou.

Hou op om op te gee.

Hou op verskonings maak.

Hou op om te vergelyk.

Hou op besig wees.

Hou op om goed te koop wat onnodig is.

Hou op met negatiewe praatjies.

Hou op om jou gesondheid te ignoreer.

Hou op om ja te sê as jy weet jy moet nee sê.

Hou op om jou te bekommer oor more.

Die groot gelykmaker is tyd. Wat gaan jy in die nuwe jaar doen met die tyd tot jou beskikking? Ek bid saam met jou dat ons dit sal regkry om te onderskei tussen belangrik en noodsaaklik. Soms is alles en almal belangrik maar bitter min goed is noodsaaklik.

My hartsmense is noodsaaklik. God is ononderhandelbaar.

In 2019 wil NG Weltevreden vir jou tyd kom terug gee. Die God wat ek en jy aanbid besit die ewige lewe! Tyd is aan ons kant. Mag ons dit deur die genade met genade leef. Geseënde 2019!!

Koop die tyd uit.

Genade en Vrede vir jou.

Hettie Wessels